Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2024-03-04

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 5/2024

SKOOLBEHEERLIGGAAMVERKIESINGS – 2024

SBL verkiesingsdatum:	***Woensdag 6 Maart 2024***
Verkiesingsmetode:	Heeldag verkiesing ***(07:00 – 18:00)*** in die skoolsaal
Wie mag stem:	Twee ouers per familie

Ek moedig al ons ouers aan om Woensdag deel te neem aan die beheerliggaamverkiesing. ‘n Kworum van 15% kiesers word benodig om die verkiesing geldig te verklaar. Beheerliggaamverkiesings vind elke drie (3) jaar plaas. Ouers word vir ‘n drie-jaar termyn verkies. Ouers dien op die beheerliggaam solank hul kinders ingeskrewe leerders van Laerskool Stulting is. Tussenverkiesings word gehou om vakante posisies te vul.

Daar is 5 ouer posisies op die beheerliggaam wat gevul moet word. Ons het reeds die profiele van die 8-genomineerde ouers op die skool se offisiële “broadcast”-groep versprei. U kan enige tyd tussen 07:00 en 18:00 by die skoolsaal kom stem.

STULTING ONDERSTEUNERSKLUB

Bring-en-braai: Alle ouers word uitgenooi om vanaf 17:00 op 6 Maart (*nadat u gestem het*) by die klubhuis te kom braai. Bring jou eie vleis en versnapperinge saam. Kinders welkom.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

SPORT

Atletiek: Die *Oos-Kaap Kampioenskappe* vind Dinsdag, 5 Maart en Woensdag, 6 Maart in Queenstown plaas. Baie sterkte aan ons atlete wat die Sarah Baartmanspan by hierdie byeenkoms verteenwoordig. Hulle is: Lika Vermaak, Amé Spangenberg, Anru Germishuys, Hanna Ferreira, Mieke Vermaak en Evan Bokelmann.

AKADEMIE

Nuwe personeelaanstelling: Ons verwelkom graag vir juf. Chrisandi Grewar. Sy sluit volgende kwartaal by ons aan as die nuwe Gr. 6.4-onderwyseres. Juf. Chrisandi is ‘n oud-Stulting leerder wat tans in die Wes-Kaap onderwys gee.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF